

KOMMUNIKAMMA



TEKS van die WEEK:

Psalm 63: 4 & 5. *“U troue liefde is meer werd as die lewe; daarom sal ek U prys. Ek sal U my hele lewe lank loof; my hande ophef om U naam te prys.”*

SAKE vir GEBED:

- * Dank die Here vir 47 jaar van genade vir Kraggakamma gemeente.
- * Ons dank ons Vader dat ons saam met so baie Christene ons verlosser, Jesus Christus se pyn, lyding en dood gedurende hierdie Lydenstyd kan gedenk.
- * Ons pleit dat die Here sal ingryp in dinge bv. werkloosheid, staatskorrupsie, misdaad, armoede, onderwys en sedelike verval in ons land.
- * Bid vir Philip Kapp wat ‘n operasie ondergaan het.
- * Bid vir Willie Moller wat in ICU is. Ons glo dat hy gou weer op die been sal wees.
- * Bid vir Freek Pretorius wat hierdie week hoor watter behandeling hy gaan kry.
- * Oom Chooks Landman is in die hospitaal met longontsteking. Bid vir hom vir volkome herstel.
- * Willie Esterhuizen is nou tuis en ons bid dat hy sy kragte sal herwin. Dra ook vir Anita in ons gebede.
- * Bid vir oom Jan Schnetler en vir sy dogter, Ina, wat behandeling ontvang.
- * Bid vir Piet Spies se broer, Johan, wat blymoedig vorentoe gaan.
- * Bid vir Lizette Geldenhuys wat op so ‘n jeudige ouderdom moedig haar behandeling verduur.
- * Brendon Slabbert en Margita Marx het toetse ondergaan.
- * Peet Viljoen was in die hospitaal.
- * Ons bid vir al die siekes en verswakte bejaardes wat tuis en in versorgingsoorde versorg word.
- * Bid ook ernstig dat die coronavirus gestuit sal word en ons dink in besonder aan die duisende slagoffers van die gevreesde siekte.
- * Bid vir al ons sendelinge en ons dank God vir die wonderlike werk wat hulle onder verlore nes doen.
- * Bid vir reën waar dit so erg droog is en veral ook in PE waar damme se watervlakke kritiek laag is.
- * Mighty Men eerskomende naweek.
- * #Imagine wat van 27-29 Mei plaasvind.

SONDAG 8 MAART 2020

08:30 Eietydse diens

Baie geluk aan Melissa Hamilton en Juan van Rooyen wat vanoggend belydenis van geloof aflê.

Kamma Kidz

9:45 Kategese

10:00 Klassieke diens

2de Lydensweek

Deurdankoffer is vir Gemeentebediening

17:00-18:00 Sangliedhebbers word genooi om by die nuwe sanggroep aan te sluit. Oefeninge begin vandag in die kerkgebou.

Daar is Kerkbodes by die deure beskikbaar

Teebeurt Sondag 15 Maart: Papawer sel

MAANDAG 9 MAART

12:45 – 14:00 Gebedsgeleentheid in die gebedskamer.

DINSDAG 10 MAART

Daar is nie Leef@kerk nie.

VRYDAG 13 MAART

05:00 MANNEBYEENKOMS

Ons kom by Elandré Bosch, Lilylaan 68 bymekaar.

LYDENSTYD

Lydenstyd is ‘n tyd van gebed, vas, skuldbelydenis en verootmoediging waardeur ons as kinders van die Here voorberei vir die groot lydensweek en Paasfees. Ons wil jou uitdaag om in die sewe weke tot Paasnaweek te vas van iets waarvan jy baie hou. Dalk is dit lekkergoed, koffie of TV kyk? Dalk het dit iets met sosiale media te doen. Daardeur herinner ons onself op ‘n klein manier aan Sy lyding en kan jy sommer gesonder ook anderkant uitkom.

Die doel van vas is om iets op te offer om te fokus op die Here en meer tyd met Hom deur te bring.

In Jes 58:6-7 lees ons ook van ‘n ander soort vas:

“Nee die vas wat Ek van julle verwag, is dat julle die mense sal vrylaat wat julle onregverdig gevange hou. Hou op om die mense wat vir julle werk, soos gevangenes te behandel. Gee kos vir hulle wat niks het om te eet nie. Gee blyplek aan hulle wat nêrens het om heen te gaan nie. Gee kleres vir die mense wat jy kan sien niks het om aan te trek nie. Help jou familie as hulle hulp nodig het.”

Onthou dat vas ‘n saak tussen jou en jou Vader is (Matt 6:16-18).

Bid saam met There4 hierdie week:

***Daar is so baie Christene in Eritrea wat in tronke sit as gevolg van hul geloof. Bid saam dat die Here hulle daagliks sal versterk en bemoedig deur Sy Heilige Gees.

SANGGROEP

KERMIS

Ons benodig sameroepers vir die volgende stalletjies:

Koffiewinkel, Sosaties en Brekkie buns.

Kontak asb die kerkkantoor indien jy wil help.

Ons kermis is op Saterdag 30 Mei.

Ons benodig asb voorraad vir die witolifanttafel.

SONDAG 15 MAART

08:30 Eietydse diens

Doop van Amori-Lynn Rossouw

09:45 Kategese

10:00 Klassieke diens

3de Lydensweek

FIRST LOVE Vrouekonferensie

Datum: Saterdag 14 Maart

Plek: La Colline, 151 Montmedy Road

Tyd: Registrasie vanaf 8:30

Konferensie 09:00 tot 15:30

Koste: R100 per persoon (sluit verversings in)

Vir besprekings stuur epos aan

[**firstlovekonferensie@gmail.com**](mailto:firstlovekonferensie@gmail.com)

NG KERK PATMOS bied aan:

MARION HOLM

Datum: 3 April

Tyd: 18:30

Plek: Hoërskool DF Malherbe

Koste: R130.00pp

Kaartjies te koop by:

Elizna: 083 258 9860, Leana: 083 567 3133 of

Westway cafe 041 369 5422.

LOUISA MEYBURGH TEHUIS: OGGEND TEE

4 April 2020 om 10:00 in Kraggakamma kerk.

Almal word hartlik uitgenooi na die oggendtee ten bate van die Tehuis vir 'n fondsinsameling.

Sandra Prinsloo is ons gasspreker en verversings word na die tyd in die saal bedien. Kaartjies kos **R130** en is beskikbaar by Marlene Postma (041-3605243) of Ansie Vorster (041-3794169).

MIGHTY MEN

Die Oos-Kaap Mighty Men konferensie vind van 13-15 Maart 2020 by die plaas Mooi Uitsig naby Jeffreysbaai plaas. Al die inligting oor die byeenkoms is by www.mightymeneasterncape.co.za beskikbaar.

KLEINSKOOLO INISIATIEF

Baie dankie aan al die lidmate wat so ruim bygedra het tot ons nuwe projek. Omtrent 10 jong tieners en 'n hele paar ouer mense en kerkleiers is opgelei in die EE3 kursus, Hoop vir Kinders. Sowaat vyftig kinders is reeds ingeskryf vir die eerste van die nuwe kinderbedienings wat op 6 Maart begin. Die gemeenskap is baie opgewonde en baie gebed en moeite gaan in die beplanning. Indien u dalk kryt, kleurpotlode, skêrtjies,

gom, gewone potlode, penne, skerpmakers, uitveërs, het wat nie gebruik word nie, kan u dit gerus na die kerkkantoor bring. Hulle kan dit goed gebruik. Skenkings van lekkergoed. veral stokkielekkers, sal ook baie welkom wees. Hulle soek ook twee springtoue en tennisballe.

Die eerste van twee kinderbedienings is in area 31 Bethelsdorp (gedeelte van Kleinskool). Florence, wat vir jare saam met my gewerk het, neem die voortou met die organisasie en reklame. Ons vra ook u gebed vir Florence, Pastoor Hartebees en die hele span. Margita Marx.

STIMULASIEBOKS PROJIEK

Ons benodig 12 X 5l roomysbakke en "lalie Balie" stories – (dit is 'n prentjie storie in die Herald) vir die Cala Sendingprojek.

Vir enige navrae, kontak Zelda Bakkes by 083 950 6096.

WHATSAPP KOMMUNIKASIE

Indien jy deel van die kerk se whatsapp groep wil wees, stuur asb jou naam met 'n whatsapp aan 071 493 5998. Maak ook seker dat jy die nommer as 'n kontak stoor om sodoende die boodskappe te ontvang.

Kontak Niekie by die kerkkantoor vir meer inligting.

KONTAKKAART

'n Groen kontakkaart waarop jy jou besonderhede kan aandui as jy 'n nuwe intrekker is, iemand in die gemeente wat siek is kan aanmeld, 'n afspraak met 'n leraar kan maak, voorbidding versoek, 'n wenk aan die hand kan doen of by die gemeente se dienswerk kan betrokke raak, is in die voorportaal beskikbaar. Vul asseblief jou besonderhede op die kaart in en gooi dit in die bussie wat ook in die voorportaal is.

Teken gerus in op ons e-nuusbrief by:

[**kuberkamma@ngkraggakamma.co.za**](mailto:kuberkamma@ngkraggakamma.co.za)

KLEINGROEPE

Alle Kleingroepe uit Kraggakamma wat nie op die kerkalmanak aangedui word nie: Selgroepe, Bybelstudiegroepe en omgegroepe – kontak asb vir Elizma Harmse met julle besonderhede. Dalk is daar iemand wat wil inskakel en julle is net die plek vir die persoon. So kan ook persone wat by 'n kleingroep wil inskakel Elizma kontak by 0839405617 of [**elizma@ipcproperties.com**](mailto:elizma@ipcproperties.com)



Gebruik SnapScan en betaal jou:
Dankoffer
Maandelikse Bydrae
Donasie, ens..

